BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES 02

Die Bybel praat op verskillende plekke van die werking van die Heilige Gees. Sou ons 'n indeling moet maak, kan ons die Heilige Gees se werk in vier tydperke indeel:

1. Skepping tot sondeval;
2. Sondeval tot die geboorte van Christus;
3. Geboorte tot hemelvaart;
4. Hemelvaart tot wederkoms.

Toe die Gees van lewe en die asem van lewe in die mens gekom het, het die mens 'n lewende siel geword. Omdat God se Gees in die mens gewoon het, was daar ware gemeenskap tussen God en mens. Die lewe van die mens was ook 'n ware en volle lewe, liggaamlik sowel as geestelik. Maar God het gewaarsku dat hierdie gemeenskap verbreek sou word as die mens ongehoorsaam raak. Dan sou die dood sekerlik intree. Die intrede van die dood beteken dat die Gees van die Here en die asem weggaan.

Dit is wat gebeur het toe die mens gesondig het in die paradys. Deur die genade van God het die Gees nie heeltemal weggegaan nie. Sy teenwoordigheid by die mens was egter nie meer so heerlik soos voor die sondeval nie.

Die intrede van die dood na die sondeval van die mens in die paradys, was die begin van die liggaamlike en die geestelike dood. Die Gees wat Hom teruggetrek het, was die begin van die sterwe. So het die tydperk tussen Genesis 3 tot aan die einde van die Ou Testament aangebreek. Dit is 'n tydperk waarin die mensheid sonder die volle teenwoordigheid van die Gees sou wees, soos dit was voor die sondeval.

Hierdie tydperk vanaf sondeval tot met die geboorte van Christus, kan onderverdeel word in twee periodes, naamlik:

- Die tyd voor Abraham en
- Die tyd na Abraham.

Voor Abraham se roeping was die aanwesigheid en werking van die Heilige Gees met alle mense eenders. Na Abraham se roeping is dit anders. Die volk Israel, wat uit Abraham voortgekom het, het deel gehad aan 'n heerliker werking van die Heilige Gees as die res van die mensheid.

Die werking van die Heilige Gees in die skepping en voor Abraham.

1. LEES: Psalm 104:24-30.
   Waaroor is die Psalmdigter in verwondering?

2. LEES: Psalm 104:29 [ou vertaling].
   U verberg u aangesig, hulle word verskrik; U neem hulle asem weg, hulle sterwe en keer terug tot hul stof.
   Die woord *asem* kan ook kan ook gelees word: hulle Gees.
   Wat leer hierdie vers ons dan oor die Heilige Gees se werking in die skepping?

3. LEES: Psalm 104:30 [ou vertaling].

U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut.

Die woord vir geskape [in Hebreeus *bara*], word net vir God se werk gebruik. Wie is die *hulle* wat voortdurend deur die Gees van God geskape en nuutgemaak word?

4. LEES: Job 34:14,15 [ou vertaling].

As Hy op Homself ag sou gee, sy Gees en sy asem na Hom sou terugtrek, dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas en die mens sou tot stof terugkeer.

Die Heilige Gees word hier op 'n besondere wyse aan die lewe verbind. Hy is die lewewekkende Gees. Hoe sien ons dit in veral vers 14?

Maar die Heilige Gees kom ook voor by mense in die algemeen – voor die roeping van Abraham. Ook buite Israel het Hy die wêreld in stand gehou met die oog op die verlossing deur Jesus Christus.

5. LEES: Job 33:4 [ou vertaling].

Die Gees van God het my geskape, en die asem van die Almagtige maak my lewend.

Van wie praat Elihu hier?

6. LEES: Genesis 6:3.

Ook hier word die verband tussen die Gees en die lewe beklemtoon. Hoe sal u dit beskryf?

7. LEES: Eksodus 31:1-11; 35:30-35; 36:7.

Volgens hierdie gedeeltes gee die Heilige Gees sekere eienskappe aan mense. Watter eienskappe is dit volgens die Skrifgedeeltes?

8. LEES: Jesaja 45:1.

Werk die Here deur sy Gees in alle mense of net in gelowiges?

B. ANTWOORDE.

1. Oor die skepping as handewerk van God.
2. Die hele psalm is 'n jubeling oor die Here wat die aarde laat lewe. Vers 29 verbind hierdie lewe duidelik aan die Heilige Gees. So beteken vers 29 dat die Gees van die Here deel van die skepping is en alles aan die lewe hou.
3. Die hulle verwys terug na vers 10 en verder. Dit dui op die ganse skepping en die hele natuur. Al die plante en diere en seisoene word hier ingesluit. Alles lewe deur die Heilige Gees.
4. Hier word Gees en asem saam gebruik. Deur hulle ontstaan die lewe en bly dit voortbestaan. Maar wanneer die Gees van God [en die asem] weggaan, of Homself onttrek, kom die dood.
5. Elihu praat nie net hier van Israel nie. Hy praat van elke mens in die algemeen. Die lewe van die mens kom van die Heilige Gees af en word beëindig as die Gees hom/haar verlaat.
6. Die woordjie heers beteken dat die mens se lewe deur God ingeperk word. As God sy Gees van die mens wegneem, sterf hy. Die teenwoordigheid van die Heilige Gees bepaal die lengte van 'n mens se lewe.
7. Talente en gawes.
   Dit is belangrik om daarop te let dat waar die Heilige Gees sulke talente en gawes gee, opleiding nie uitgesluit is nie. Besaleël onderrig ander om hom te help, maar God vervul hulle met talente wat deur sy Gees gegee word [Eks.35:30-35].
8. In Jesaja 45 word Kores die gesalfde van die Here genoem. Hy was 'n heidense koning en 'n afgodedienaar. Deur die Heilige Gees werk die Here egter in Kores.

****